# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

**(Voorbereiding)**

## Wat nog?

**Skriflesing**:
Jesaja 5:1-30
**Teksvers**:
Jesaja 5:4

**Sing**:
Sb 13-2
Ps 145:1,2,10,11
Sb 9-1:1,11
Ps 43:3,4
Ps 51:4,6
Sb 14-1:2,3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ongeveer een hele honderd jaar vóór die ballingskap na Babel is Jesaja geroep as profeet in Juda. Sy opdrag is om te waarsku en te roep tot bekering. In terme van die tema van 2022 (Vrug van die Gees) en die voorbereiding van die nagmaal volgende week, is dit heel gepas om onsself te toets aan die vermanings van Jesaja 5.

Vermanings in liefde gedoen soos hier is altyd bedoel as God se genade. In genade word ons ook vóór die nagmaal vermaan om onsself onder loep (vergrootglas) van God se Woord te stel, voordat ons aan die nagmaal gaan. Anders eet en drink ons mos 'n oordeel oor onself!

**SONDAGAAND 18:00**

## DIE BELANGRIKHEID en DIE BEGRONDING VAN GEBED

**Skriflesing**:
1 Tim 2:1-7

**Teksvers**:
1 Tim 2:5,6

**HK** Sondag 6

**Sing**:
Ps 135-1:1,2
Ps 34-1:2
Ps 34-1:4,6
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

**Getuig, Verklaar en Bely Jesus Christus as Middelaar!**

Om te bid is 'n geloofsverantwoordelikheid! Dit is 'n baie ernstige saak. Daar moet opregtheid en erns met gebede wees. Maar die begronding van die gebed, is baie belangrik. Gebed is die basis van die werk van Jesus Christus as Verlosser en Middelaar. Omdat Hy waarlik mens was, maar altyd waarlik God is en sal wees, was dit alleen Hy wat ons in die regte verhouding met God ons Vader kan stel, dit lees ons duidelik in verse 4,5. Daarom in ons gebede moet daar altyd opregtheid wees.

- Getuig, daar is net een Middelaar.
- Verklaar, dat Hy homself as losprys gegee het.
- Bely, dat Jesus Christus is ons Middelaar.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 08 6 Maart 2022**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE


## Bid gedurig! (1 Tess 5:17)

Hierdie woorde beteken nie dat jy die hele dag in jou binnekamer moet vertoef nie, maar dat alles wat jy doen deur gebed gedra moet word. Gebed is soos asemhaal, jy doen dit byna sonder om te dink. Dan word jy ook weer gereeld in jou stiltetyd (persoonlik of in 'n gemeente-like samekoms) stil voor die Here in danksegging en smeking en voorbidding (Fil 4).

Gebed is in wese nie 'n wapen of 'n beheermiddel nie. Ons hoor deesdae weer van sogenaamde gebedsvegters ('*prayer warriors*') wat 'n gebed-skans moet oprig teen die vyand. Verskeie versoeke rondom die huidige oorlogsituasie in Europa gebruik hierdie soort taal wat eintlik vir ons vreemd is.

Gebed is nie deel van die wapenrusting van die gelowiges nie (Ef 6). Ons trek die wapens wel biddend aan (6:18), want die krag en oorwinning kan net van die Here kom. Die krag lê ook nie in die aantal bidders of die lengte van gebede nie. Die krag en heerlikheid behoort aan die Here en die gebed is ons afhanklikheidverklaring van Hom aan wie die mag en krag behoort! (Lees ook Jak 5:16 oor die krag van <u>*een*</u> gelowige se gebed).

Gedurende die afgelope week het ons weer gehoor en geleer dat wanneer ons groot aksies aanpak in die gemeente dat ons moet weet dat die duiwel dit beslis gaan teenstaan. Daarom is dit nodig dat die hele gemeente eendragtig sal volhard om vir die bedieningsaktiwiteite van hierdie gemeente te bly bid. Die duiwel hou nie van die suksesse van die kerk van Christus nie en sal ons met al sy mag teen staan. Hoewel die Here hierdie teenstand toelaat, kan daar niks gebeur sonder Sy beskikking nie. Daarom dat Paulus vra dat die gemeentes vir hom bly bid. Hy skryf daaroor so mooi in 2 Kor 1:10-11

> *"Dit is die Here wat ons uit so 'n groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red. Op Hom is ons hoop gevestig: Hy sal ons ook verder red. <u>Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid.</u> So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring, en dan sal baie Hom vir ons <u>dank</u>."*

Dat daar ernstig vir die bediening van leraars en ampsdraers in die gemeente gebid moet word is seker. Ons is egter ook medewerkers deur veral ook te bid vir die uitreikaksies van evangelisasie (Brugbediening, Crossroads, Koningskinders, Biblos, Alethea, etc).

Ons gebed sal nie die suksesse bepaal nie, maar so doen dan alles in diepe afhanklikheid van Hom wat die Bose sal teenstaan. Hy is ons Verlosser en Here wat die duiwel en sy magte op Golgota oorwin het en nie sal toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie!

Is jy ook 'n medewerker?

Bid dan gedurig!

Ds Maarten

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

**Vrug van die Gees!**

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Hersiening Les 1-6, Ps 9:1,7,10

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversorging — Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Koningskinders

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



**NOTAS TOV 2021**

1. Dis met groot dankbaarheid dat ons kan rapporteer dat ons inkomste heelwat beter was as wat verwag was. Anders as by vele ander gemeentes het ons dankoffers nie veel verminder weens die Covid pandemie nie. Ons het dus ruim bo begroting geëindig. Plaas ons dit in 'n ander perspektief is dit selfs marginaal (3%) beter as wat begroot was vir 2020.

2. Deurkollektes het ook mooi bo begroting geëindig.

3. Ons inkomste het dus weens die voorafgaande wesenlik bo begroting geëindig.

4. Teen Oktober verlede jaar was dit duidelik dat ons bo begroting sou eindig. Die Kerkraad het toe besluit om wel die jaarlikse dertiende tjeks te betaal. Gevolglik het personeelkostes bo begroting geëindig.

5. Tydens verlede jaar se begroting het ons ramings met ongeveer R200 000 onder ons verpligting begroot. Weens die goeie inkomstes kon ons ons verpligting ten volle nakom en het ons gevolglik die begrote syfer oorskry.

6. Ons munisipale kostes het die begroting oorskry omdat ons 'n regstelling ontvang het wat 'n jaar terug gedateer het.

7. Weens die voorafgaande drie items het ons dus ons begrote uitgawes met ruim R300 000 oorskry.

8. Die somtotaal van die voorafgaande is dat ons steeds ons begroting met ongeveer R585 000 oorskry het.

Met inagneming van al die voorsienings het ons reserwes op ongeveer R1m te staan gekom. Gegewe die begrote tekort vir 2022 en die Kerkraad se besluit om te alle tye 'n reserwe van R500 000 te handhaaf kan ons dus stel dat die Kerkraad se finansies gesond is.

Die afgelope 2 jaar was 'n uitdagende periode. Andermaal sien ons, ons Hemelse Vader se hand hier. Hy het die Kerkraad gelei met al die besluite wat geneem is. Ook het hy in almal se harte gewerk om so getrou ons dankoffers af te dra.

FINANSIëLE KOMMISSIE

Vir navrae kan u Gerrit Beumer kontak by gerrit@uniplug.co.za of 082 572 5235.

# FINANSIËLE VERSLAG VAN DIE KERKRAAD AAN DIE GEMEENTE SOOS OP 31 DESEMBER 2021

## INKOMSTE

| | 2021 | | | | 2022 |
|---|---|---|---|---|---|
| **ITEM** | **WERKLIK** | **BEGROOT** | **AFWYKING** | **NOTA'S** | **BEGROOT** |
| Dankoffers | R 5 761 251 | R 4 936 000 | 16.7% | 1 | R 6 060 000 |
| Deurkollektes | R 151 683 | R 120 000 | 26.4% | 2 | R 147 000 |
| Selfoonmaatskapye | R 375 997 | R 365 000 | | | R 400 000 |
| Ander | R 56 391 | R 23 000 | 145.2% | | R 20 000 |
| | | | | | |
| **TOTAAL** | **R 6 345 322** | **R 5 444 000** | 16.6% | 3 | **R 6 627 000** |

## UITGAWES

| ITEM | WERKLIK | BEGROOT | AFWYKING | NOTA'S | BEGROOT |
|---|---|---|---|---|---|
| Personeelkostes | R 4 149 513 | R 3 920 590 | -5.8% | 4 | R 4 486 657 |
| Ramings | R 1 130 619 | R 988 000 | -14.4% | 5 | R 1 187 000 |
| Munisipale kostes | R 145 360 | R 100 000 | -45.4% | 6 | R 140 000 |
| Finansiële kommissie | R 212 634 | R 188 500 | -12.8% | | R 234 000 |
| Administrasie | R 105 157 | R 112 000 | 6.1% | | R 130 000 |
| Bedieningskommissie | R 1 500 | R - | | | R 10 000 |
| Katkisasie kommissie | R 11 028 | R 23 500 | 53.1% | | R 45 000 |
| Evangelisasie | R 366 682 | R 396 600 | 7.5% | | R 499 000 |
| Instandhouding | R 93 927 | R 117 000 | 19.7% | | R 130 000 |
| Jeugaktiwiteite | R 10 339 | R 15 000 | 31.1% | | R 30 000 |
| Ander | R 44 886 | R 95 300 | 52.9% | | R 150 000 |
| | | | | | |
| **TOTAAL** | **R 6 271 645** | **R 5 956 490** | -5.3% | 7 | **R 7 041 657** |
| | | | | | |
| **INKOMSTE BO UITGAWES** | **R 73 677** | **-R 512 490** | | 8 | **-R 414 657** |



# *Verjaarsdae*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6 Mrt | Jeanette | vd Bijl | A12 | 27835641160 |
| | Sandra | Pohl | A10 | 27731723926 |
| | Johan | Jordaan | A14 | 27828505629 |
| 7 Mrt | George | Cronje | C05 | 27827848556 |
| | Annlia | Nel | B18 | 27833241893 |
| | Thea | Smit | A14 | 27825011445 |
| | Tineke | Vegter | B07 | 27725851642 |
| 8 Mrt | Hugo | Kruger | A09 | 27835156448 |
| | Linda | Jordaan | C09 | 27722278645 |
| | Jaco | Basson | B09 | 27828022150 |
| | Leon | Lourens | A10 | 27609744380 |
| | Mari | Oosthuizen | A01 | 27828515539 |
| | Solly | Muhlarhi | E01 | 27793569591 |
| 9 Mrt | Jeanine | Pretorius | B17 | 27767636133 |
| | Renier | vd Merwe | A12 | 27824100599 |
| 10 Mrt | Dessiré | van Staden | A12 | 27714628330 |
| | Antone | Lubbe | A09 | 27845146317 |
| | Tinus | Nel | B19 | 27833842886 |
| | Antony | Wagner | B05 | 27832603337 |
| | Hennie | Jv Rensburg | B09 | 27823709553 |
| | Hester | Smith | E01 | 27728391011 |
| 11 Mrt | Misha | Wille | B06 | 27762181822 |
| | Rob | Bond | B04 | 27832599447 |
| | Faan | Schutte | A12 | 27825634487 |
| 12 Mrt | Hugo | v Nieuwenhuizen | C08 | 27764029885 |
| | Elzabé | vd Meer Barnard | B14 | 27725464612 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6 Mrt | Hanno | Hoogendyk | A01 | 27847644692 |
| 7 Mrt | Shiloh | le Roux | C09 | 27828506459 |
| 8 Mrt | Annika | vd Walt | E01 | 27825673643 |
| 9 Mrt | Leanka | Snyman | B10 | 27835175803 |
| 11 Mrt | Ian | Nagel | C10 | 27844072196 |
| 12 Mrt | Catie | Hoogendyk | A01 | 27847644692 |
| | Leandri | Krynauw | B13 | 27645459030 |
| | Laurens | vd Walt | C12 | 27761982329 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

"*... Moenie bang wees nie*." Mark 6:50

- **Amanda Brink** ondergaan komende week 'n knieoperasie (A15—651 4004).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# *Geluk*

♥ Rudolf en Cherlene met die geboorte van Mikha Marais.

# *Nagmaal*

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word weer bedien op Sondag, 13 Maart tydens al drie ons eredienste.

**ETE NA AFLOOP VAN DIE NAGMAAL**
**13 MAART 2022**
om 12:00
Almal word hartlik uitgenooi!!

Bring saam:

- Eie eetgerei, glase en drinkgoed.
- Stoele vir buite en 'n gazebo indien u so verkies.
- Een slaai per gesin vir ons gemeenskaplike slaaitafel.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Hennie van Rooyen Belasting Konsultant.** Persoonlikebelasting; kleinsake ondernemings; BTW; boere. Skakel my by 082 932 5634 of epos: hennievr.tax@gmail.com.

**Van der Walt huisonderhoud**—Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Solly Muhlarhi (Diaken van Engelse Diens) soek **tuinwerk en verblyf** nader aan kerk. Skakel hom by 079 356 9591/Hennie vd Walt 0829274326.

**Jennipher soek huishulpwerk** en indien moontlik verblyf. (Kook, koekbak, versorging van siek en bejaarde mense) Werk al 20jr by my Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Ek verkoop verskillende tipe braaihout**, skakel my gerus. Hennie vd Walt 0829274326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Pieter Wolmarans 08394988 99.

***SIE' DAAR DIS DIE LAM VAN GOD***

***Paasspel aangebied deur***

***CENTURION CANTUS***

*Venue: Gereformeerde Kerk Centurion*
*Datum: 8 April 2022*
*Tyd: 19:00*
*Toegangsfooi: R60.00*
*Kontakpersone: Estelle 071 682 6517*
*Dianne 082 558 0591*

## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

## Bybelstudie Juventus

*18-24*

**WOENSDAGAANDE**

**18:00**

**09 MRT - HOE BESTAAN 'N MENS?**

*Nie aan ons, O HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil* (Ps 115:1 (1953))

## GTA



Kom speel saam met ons *board games*.

Vanaand na kerk saam met die tieners.

Hoop om julle almal daar te sien!!

## Ouventus (25-35)

Woensdagaande 19:00

**Tema: Die Profete**

**Centurion Christelike Laerskool**
**Opedag**
**22 April 2022**
**om 10:00**

## Toerusting vir Koningskinders


vind plaas op
**Vrydag, 11 Maart**
vanaf 18:00– 21:00
in ons kerkgebou

Daar is lekker vetkoek!!




# Kerkkamp 2022

Kom voed jou **GEMOED** en **SIEL** met die **Vrug van die Gees** te Udolpho Rivierplaas!



**22 tot 24 April 2022**

'n Naweek van rus en vreugde gelei deur Di. Maarten en Lourens op 'n reis van vervulling.



Koste vir die hele naweek:

| | | |
|---|---|---|
| Chalets: | Volw R 580 pp | |
| | Kinders R 320 pp | |
| Kamp: | Volw R 280 pp | |
| | Kinders R220 pp | |

**Belangstellendes kan Louise en Didrich ontmoet onder die olyfboom na die oggenderediens vir verdere inligting.**

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**6 Maart 2022**
C15 Fransa v Niekerk
B19 Elana Brits
A15 Amanda Brink

**13 Maart 2022**
C14 Gerti Erasmus
B18 Cecilia Wolmarans
A14 Gwendy Gourley

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Senior Aksie

**Maandag, 14 Maart**

**om 10:00 in die kerksaal**

Petro Slater van Huis Eljada gaan ons kom inlig oor hul doel en werksaamhede. Ons gemeente reik uit na hierdie Huis en hulle is baie dankbaar vir elke vorm van donasie wat ons aan hulle skenk.

Indien jy meer van hulle bedrywighede wil weet, kom luister na wat Petro vir ons gaan vertel. Jy hoef nie 'n "*senior burger*" te wees om dit by te woon nie – kom kry antwoorde op jou vra!!!

Op die kennisgewingbord is daar 'n nuusbrief en behoeftelys ter inligting. Hulle bak ook koekies, beskuit en koeksisters om hulle fondse aan te vul. Soms lê hulle ook groente in en maak gemmerbier! Bestellings kan geplaas word en op 14 Maart gaan hulle ook van hulle produkte te koop aanbied.

Bring gerus 'n geldjie daarvoor saam en as jy enige produkte wil skenk, kan dit saam gebring word. Op Sondae is daar 'n trollie onder die Olyfboom waarin donasies ook geplaas kan word.

Almal is baie welkom en kom kuier gesellig saam met van die inwoners wat die dag saam met ons gaan deurbring.